Sake24

Maandag 7 Februarie 2011, bladsy 14



**Die Louis Group Business Academy het onlangs die deure van sy nuwe kampus in die Cornerstone-instituut in Claremont oopgeswaai en vanjaar se groep van 150 studente van dwarsoor die Kaapse Skiereiland verwelkom. Die Louis Group, 'n gevestigde familie-onderneming, werk met die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB) saam om aan belowende potensiële entrepreneurs sake-vaardighede, wat prakties en teoreties relevant is, te leer. Meer as 1 150 mense is die afgelope aantal jare deur die akademie opgelei. Hier is mnr. Michael Ansell (links agter), hoof van die sake-akademie, en mnr. Michael Louis (regs agter), uitvoerende hoof van die Louis Group in Afrika, by twee van die nuwe studente. Mnr. Patson Musabayana (links voor) beskou dit as 'n uitstekende kans om sy sakevaardighede op te knap en sy eie onderneming te begin en me. Parinitha Jeaven (regs voor) wil haar eie toerisme-onderneming begin.**